GEREEDMAAK VAN KERKKANTORE VIR BEPALINGS VAN COVID-19

Volgens die Gazette gepubliseer op 28 Mei 2020 word kerke en godsdienstige organisasies toegelaat om weer godsdienstige byeenkomste vanaf 1 Junie2020 te kan hou. Streng voorwaardes, maatreëls en protokolle, geld egter indien ‘n gemeente sou oorweeg om byeenkomste te hou. ‘n Oproep word op kerk- en gemeenteleiers gemaak om groot versigtigheid en verantwoordelikheid aan die dag te lê om te verseker dat lidmate nie aan risiko’s blootgestel sal word nie. Nalatigheid en versuim om te voldoen aan die gepubliseerde maatreëls en protokolle stel leiers bloot aan strafregterlike klagtes en siviele eise. Die getuienis wat van die kerk hieroor uitgaan is uiters belangrik: een van gehoorsaamheid aan die owerheid en dat die welsyn van mense ons prioriteit is.

Die nuwe regulasies vir valk 3 beteken dat die werknemers en personeel in fases kan begin terugkeer kantoor toe, onderworpe aan die streng nakoming van gesondheidsprotokolle. Dit is die verantwoordelikheid van leiers van gemeentes of godsdienstige organisasies om die besluit te neem of, wanneer met watter personeel kerkkantore sal oopmaak.

Vlak 3-regulasies bepaal dat alle persone wat van die huis af kán werk, dit nog steeds doen, veral diegene wat ouer as 60 jaar is en persone met onderliggende siektetoestande. Werknemers moet in fases terugkeer ten einde die werkplek gereed te kry sodat dit aan al die voorgeskrewe voorkomingsmaatreëls kan voldoen. Die wetlike vereistes vir kantore en werkplekke word uiteengesit in die ***Regulations and the COVID-19 Direction on Health and Safety in the Workplace*** **(RCHSW)** soos reeds gepubliseer deur die Minister van Indiensneming en Arbeid op 28 April 2020. Die terugkeer en gereedmaak van die werkplek moet met omsigtigheid gedoen word ten einde die risiko van infeksies te vermy.

Godsdienstige organisasies moet aan sekere wetlike vereistes voldoen alvorens werknemers kan terugkeer kantoor toe volgens die regulasies in die direktief van 28 April 2020 deur die Minister van Indiensneming en Arbeid (RCHSW). Let op dat daar bykomende vereistes is vir kerkkantore met ‘n personeel groter as 10.

Die doel van hierdie dokument is om kerkkantore by te staan met die implementering van protokolle en voorskrifte om te voldoen aan vereistes vir die oopmaak van kerkgeboue. Dié dokument moet gesien word as ‘n poging om ‘n opsomming te bied en moet verkieslik saam met die gepubliseerde tersaaklike dokumentasie gelees word. ‘n Bibliografie van tersaaklike dokumentasie word aan die einde gegee asook die nodige skakels om toegang te verkry. Kerkkantore moet ook op hoogte bly van inligting omdat maatreëls van tyd tot tyd kan verander.

Die volgende is van belang:

A. NAKOMINGSBEAMPTE (COMPLIANCE OFFICER)

'n COVID-19 nakomingsbeampte moet aangewys word. Die beampte se naam moet in die kantoor op ‘n prominente sigbare plek aangebring word. Die beampte se verantwoordelikheid is om:

1. 'n COVID-19 Gereedheidsplan te ontwikkel vir die gefaseerde terugkeer van werknemers. Riglyne vir die gereedheidsplan word gegee in aanhangsel E van die vlak 4-regulasies (RCHSW), en moet te alle tye skriftelik en gedetailleerd beskikbaar wees vir inspeksie. Die gereedheidsplan moet die volgende besonderhede hê:
    i. Watter werknemers mag werk; wat die infaseringsplanne is vir die geleidelike terugkeer van werknemers; watter gesondheidsprotokolle bestaan om werknemers teen infeksies te beskerm; die besonderhede van die COVID -19 nakomingsbeampte; maatreëls wat ontwikkel is om te verseker dat die werkplek aan die standaarde van

gesondheidsprotokolle voldoen; of daar voldoende ruimte vir werknemers, publiek en diensverskaffers is om te kan voldoen aan die fisieke distansiëring-maatreëls soos uiteengesit in klousule 47 (1) (b) van die vlak 3-regulasies.

ii. Die toesig hou oor die implementering van die gereedsheidsplan, asook die nakoming van die voorgeskrewe higiëne- en gesondheidsprotokolle rakende COVID -19 vir die werkplek volgens klousule 47 (1) (a) van die vlak 3-regulasies.

iii. Die datum waarop die gemeente/organisasie sal open en ure wat die fasiliteit sal oop wees

iv. Die rooster waarvolgens die gefaseerde terugkeer na werk van werknemers uiteengesit word,

v. maatreëls wat getref word om die verspreiding van die virus in die werkplek te voorkom en te verminder soos: 'n lys van personeel wat tuis kan werk; personeel wat 60 jaar of ouer is; en personeel met onderliggende siektetoestande van wie die organisasie verwag om tuis te bly of tuis te werk;

vi. Die adres en kontakbesonderhede van die naaste toetsentrum vir COVID-19 aanmelding

vii. ‘n Isolasiekamer op die perseel moet geïdentifiseer en aangedui word

2. Alle werknemers moet 'n afskrif van die gebeurlikheidsplan ontvang en op hoogte gehou word van alle relevante inligting in die voorkoming van die COVID-19.

B. PERSONEEL

Alle personeellede moet toegang tot seep, water en ontsmettingsmiddel hê wat vir handewas en die ontsmetting van werkstasies gebruik kan word.

Interne vergaderings sowel as vergaderings met kliënte (gemeentes, kerkrade en leraars) moet, waar moontlik, deur middel van virtuele konferensies plaasvind (Zoom, Google Hangouts, Google Meet, Go To Meeting en Skype is van die gewildstes).

‘n Groep werknemers wat potensieel baie blootgestel is aan infeksie, is dié wat met openbare vervoer reis. Werkgewers moet planne beraam sodat werknemers veilig na en van die werkplek vervoer kan word. Een van die maniere is byvoorbeeld om kantoorure aan te pas sodat werknemers buite spitstyd kan reis.

Personeel moet soggens by ontvangs aanmeld. Hulle temperatuur moet gemeet en in ’n logboek aangeteken word. Almal moets getoets word vir enige van die waarneembare simptome geassosieer met Covid-19, soos:

- Koors
- Hoes
- Seer keel
- Rooiheid van oë
- Probleme met asemhaling.

Werknemers word aangemoedig om tuis te bly as hulle siek is.

'n Bywoningsregister, insluitend 'n simptome-bepaling, wat deur elkeen werknemer voltooi word, moet gehou word vir 'n periode van minstens ses (6) maande

Personeel met griepsimptome moet dit aanmeld by die kantoor/fasiliteit se Nakomingsbeampte. Die personeellid kan versoek word om hom/haar in self-kwarantyn te plaas. Personeellede wat simptome van Covid-19 toon, sal nie toegelaat word om te werk nie.

’n Streng protokol vir higiëne moet geld tydens werksure volgens voorskrifte en moet streng toegepas word.

’n Pakket (“care kit”) moet vir elke werknemer voorsien word wat handdoeke, gesigsmaskers en handskoene insluit.

Gesigsmaskers: Aan elke personeellid moet ten minste twee toepaslike lap gesigsmaskers gratis verskaf word vir gebruik by die werksplek sowel as tydens pendel na en van die werksplek.

Die gesigsmaskers moet voldoen aan die nuwe riglyne van die Suid-Afrikaanse regering vir sulke maskers.

Personeellede word aangemoedig om hulle hande te was en te steriliseer sodra hulle by die werk of terug by die huis aankom.

Elke personeellid is verantwoordelik om sy/haar eie werksruimte te onderhou. Geen toerusting of werkstasies mag gedeel word nie. Vee self jou selfoon en telefoon af. Maak self jou tafel skoon.

Elke personeellid maak self sy/haar koffie/tee en was sy/haar koppie/beker/glas self.

Papierhanddoeke moet aan personeellede voorsien word sodat badkamerdeure daarmee oopgemaak kan word.

Doekies, met 70 persent alkohol inhoud, moet aan personeellede voorsien word vir die skoonmaak van handsakke of aktetasse wat dikwels die meeste kieme bevat.

Slegs papierhanddoeke word toegelaat; die gebruik van materiaal handdoeke is verbode.

Handhaaf die twintig sekondes protokol vir handewas, en voorsien papierhanddoeke en ’n geslote pedaal-asblik waarin dit weggegooi kan word.

Moenie kollegas omhels of met die hand groet nie.

Sorg dat die aanbevelings oor sosiale afstande gehandhaaf word. Dit behels onder andere dat ’n afstand van ten twee meter tussen persone moet gehandhaaf word, of fisieke skerms van glas, perspex of plastiek tussen persone se werkstasies opgestel word.

C. BESOEKERS

Streng toegangsbeheer geld by kantore en fasiliteite. Besoekers se temperatuur moet gemeet word en in ’n besoekersboek (logboek) aangeteken word. Omdat godsdienstige organisasies gewoonlik oop is vir lede van die publiek, is elke werkgewer daarvoor verantwoordelik dat daar 'n afstand van ten minste 2 meter tussen werkers en lede van die van die publiek, of tussen lede van die publiek, is. Protokolle soos maskers, handreinigers, registrasie is ook op besoekers van toepassing.

'n Werkplek is slegs COVID-19 gereed nadat al hierdie maatreëls in plek is en slegs dan mag werknemers terugkeer werk toe.

D. OPTREDE INDIEN ‘N WERKNEMER DIE SIMPTOME VAN COVID-19 TOON

As ’n personeellid simptome van Covid-19 toon terwyl hy/sy by die werk is, moet die werkgewer die volgende optrede neem:

- ’n chirurgiese masker (“FFP1 surgical mask”) en vervoer voorsien op so ’n wyse dat ander werkers of lede van die publiek nie in gevaar gestel word nie.

- die werknemer in die isolasiekamer hou totdat die nodige reëlings getref is vir die vervoer van die persoon na sy/haar huis.
- die nasionale Covid-19 noodnommer in geval van nood bel;
- toesien dat die werker getoets word; en
- dit by die aanmeldingspunte van COVID-19 aanmeld.

Die werkgewer is verplig om aan sowel die Departement van Gesondheid as die Departement van Arbeid en Indiensneming verslag te doen as 'n werknemer met Covid-19 gediagnoseer word. Die werkgewer moet dan ondersoek instel na die oorsaak van die besmetting, insluitend enige kontrole versuim in die werkplek.

E. TER SAAKLIKE DOKUMENTASIE

(Skakels in rooi)

1. **Nasionale algehele inperking** (*"total lockdown"*) geld vanaf **Donderdagnag 26 Maart 2020 om 24:00**. Pres Cyril Ramaphosa se toespraak op 23 Maart 2020 oor die inperking kan hier afgelaai word: Toespraak Pres Cyril Ramaphosa.
2. Wet 57 van 2002 (Wet op Rampbestuur) is van toepassing. Kry die Wet hier: Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet 57 van 2002).
3. Regulasies is gepubliseer (Staatskoerant 43164, Volume 657 van **26 Maart 2020**) wat vereis dat alle **webwerwe wat op "co.za" eindig** 'n skakel na die departement van gesondheid se Covid-19-portaal bevat: Wet op Rampbestuur (57/2002): Elektroniese Kommunikasie-, Pos- en Uitsaai Voorskrifte uitgereik kragtens Regulasie 10 (8) van die Wet
4. **Gesigmaskers** moet voldoen aan die nuwe riglyne van die Suid-Afrikaanse regering vir sulke maskers: Recommended Guidelines – updated: Fabric Face Masks Manufactured by South Africa's Clothing and Textile Manufacturing Industry for General Public Use
5. Die minister van arbeid, Thulas Nxesi, het riglyne vir die werkplek vir die bekamping van Covid-19 aangekondig (Staatskoerant 43257, Volume 658 van **29 April 2020**). **Kerkkantore (met minder as tien werknemers) moet veral op klousule 40 let** : Covid-19 Beroepsgesondheids- en veiligheidsmaatreëls in die werkplekke: Covid-19 (C19 OHS), 2020
6. Spesiale regulasies (Regulasiekoerant 11098, Staatskoerant 43258, Volume 480 van **29 April 2020**) wat dr. Nkosazana Dlamini Zuma in terme van die Wet afgekondig het: Wet op Rampbestuur, 2002: Regulasies (soos gewysig) uitgereik ingevolge Artikel 27(2) van die Wet
7. Die spesiale regulasies (**Regerings kennisgewing 608**, Staatskoerant 43364, Volume 659 van **28 Mei 2020**) wat dr. Nkosazana Dlamini Zuma, minister van samewerkende regering en tradisionele sake, in terme van die Wet op **28 Mei 2020** afgekondig het (**Vasstelling van waarskuwingsvlakke en hotspots**), is hier beskikbaar: Goewermentskennisgewing 608, Staatskoerant 43364, Volume 659 van 28 Mei 2020
8. Die spesiale regulasies (**Regerings kennisgewing 609**, Staatskoerant 43364, Volume 659 van **28 Mei 2020**) wat dr. Nkosazana Dlamini Zuma, minister van samewerkende regering en tradisionele sake, in terme van die Wet op **28 Mei 2020** afgekondig het (**Die reëls vir eredienste onder Vlak 3**), is hier beskikbaar: Goewermentskennisgewing 609, Staatskoerant 43364, Volume 659 van 28 Mei 2020